# Lesing 23.10.2018 - Lesing 29 - Diep innerlike waarhede vanuit die Gilgal Klipwiel

Die Derde sendbrief van Johannes
3 Johannes

3Jn 1:1 DIE oudste aan die geliefde Gajus wat ek **in Waarheid** liefhet.
3Jn 1:2 Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan;
3Jn 1:3 want ek was baie bly as daar broers kom en van jou waarheid getuig, **soos jy in die Waarheid wandel.**
3Jn 1:4 Ek het geen groter blydskap as dit nie, dat ek hoor dat **my kinders in die Waarheid** wandel.
3Jn 1:5 Geliefde, jy handel getrou in alles wat jy doen vir die broers, en dit vir vreemdelinge
3Jn 1:6 wat van jou liefde voor die gemeente getuig het. Jy sal goed doen as jy hulle voorthelp op 'n wyse wat waardig is.
3Jn 1:7 Want vir Sy Naam het hulle uitgegaan sonder om iets van die nasies te neem.
3Jn 1:8 Ons behoort dan sulke adamiete goed te ontvang, sodat ons **mede-arbeiders van die Waarheid** kan word.
3Jn 1:9 EK het aan die gemeente geskrywe, maar Diótrefes*, wat onder hulle die eerste wil wees, steur hom nie aan ons nie. [*betekenis: gevoed deur Zeus]
3Jn 1:10 Daarom, as ek kom, sal ek hom herinner aan die werke wat hy doen deur met **besoedelde spraak** teen ons uit te vaar; en hiermee nie tevrede nie, ontvang hy nie alleen self die broers nie gasvry nie, maar verhinder ook die wat dit wil doen en **werp hulle uit die gemeente**.
3Jn 1:11 Geliefde, moenie navolg wat **verdraaid** is nie, maar wat **suiwer** is. Hy wat suiwer optree, is uit Elohim; maar hy wat besoedel optree, het Elohim nie gesien nie.
3Jn 1:12 Van Demétrius is deur almal getuienis gegee en deur die Waarheid self; en ons getuig ook, en julle weet dat ons getuienis Waarheid is.
3Jn 1:13 Ek het baie dinge gehad om te skrywe, maar ek wil nie met ink en pen aan jou skryf nie.
3Jn 1:14 Maar ek hoop om jou gou te sien, en ons sal van mond tot mond spreek.
3Jn 1:15 Vrede vir jou! Die vriende groet jou. Groet die vriende by naam.